

**12 Mei**

**Handelinge 1:1-1, (Teks: 1:11a)**

***Rol die moue op!***

Wat doen jy as Jesus voor jou oë die lug begin indryf? Wat sou jy anders kon doen as om net te kyk en te kyk? Die son sou oor jou kon ondergaan. So verruklik, so verbysterend is die gebeure wat die dissipels op die Olyfberg ervaar. Hulle moes skaars kon glo wat hulle oë sien.

En toe hulle nog so staan en kyk, was daar twee manne in wit klere wat vir hulle vra: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk?" Nie dat hierdie manne vreemdelinge in Jerusalem was nie... Sekerlik nie. Die ontsaglike gebeurtenis wat nou net voor die oë van die dissipels afgespeel het, sou nie by hulle verbygegaan het nie. 'n Onkundige vraag is dit nie wat deur die manne gestel word nie. Met hierdie vraag bedoel hulle eintlik: dit baat nie, julle kan nie nou heeltyd maar net wil staan en staar nie. Julle kan nie net in ekstatische verrukking wil lewe nie.

Christus wil nie 'n dromende gemeente hê wat staan en staar en wat hoogstens met die voete skuifel en met die lippe prewel nie. Hy wil 'n strydbare leer hê: divisies wat oor die aarde stroom om elke duimbreedte van hierdie lewe in sy diens te stel. Die engele gee in werklikheid dus te kenne: terug na die werklikheid, terug na jou daaglikse lewensgang, terug om jou opdrag uit te voer. Jy is geroep om in diens van die Here te werk met jou hart én hand, in voorspoed én in teëspoed.

Dit is die kernboodskap van hemelvaart. Voluit in diens van Hom wat na die hemele opgevaar het. Waarom sal julle Hom bly agterna tuur? Hy het jou nodig in sy koninkryk. En Hy gaan elke dag met jou. Waar Hy jou in sy diens wil gebruik, daar sal jy Hom bemerk - nie in die wolke nie.

Sing: Psalm 47:1

Dr. C.J. Smit (Noordbrug)